

**BEROEPENUUS– 26 Mei 2013****Beroepe ontvang**

Dr. GJ Meijer van Pretoria Oos-Moot na Heidelberg

**Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade** –deur ds. E Kayayan*Vervolg van verlede week***Dit gaan hier oor inspanning in die volharding.**

*‘Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie’.*

Die doel van die skrywer is om sy lesers aan te spoor om die ware betekenis van die Sabbat van God in Christus te verstaan. In Christus is daar ’n ewige Sabbatsrus wat aan ons belowe is: *‘Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie’.* As jy nie volhard om in daardie rus, soos wat dit aan jou belowe is, in te gaan nie, sal jy nie daaraan deel hê nie. Dit is ’n aansporing, maar ook ’n vermaning.

**Ten slotte**

Die Sabbat is die deur na en beeld van ons ewige woning, wat gemaak is uit rus en vrede. Daarom moet ons vaskeer aan die opdrag wat daarmee gepaardgaan: om te volhard in die geloof in God se beloftes, om nie afvallig te word nie, om berou te hê oor ons beseerde werke en daarvan afstand te doen. Te midde van al die onrus rondom ons, en soms ook in ons, kan ons die betekenis van die Sabbatsrus nog dieper peil met die woorde van Romeine 8: *‘Want ek reken dat die lyding van die teenwoordigetyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam. Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding’.* SLOT

**GEMEENTEKAMP**– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

27/05-Arie Koole 0739729095	01/06– Hendrik Boshoff 012323 0248
27/05– Wimpie Theunissen 0829617454	02/06– Muriel van der Dussen 0725353466
29/05– Robin Lorist 0126548142	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die blinde dra geen bril en die onverstandige verdra geen teregwyding –  
CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za OF****www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za)

Faks:0123265287

Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154


Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

26 Mei 2013

**EERSTE EREDIENS**–(9h00 )

(Nagmaal)

**Skriflesing:** 1 Thessalonicense 3**Teks:** 1 Thessalonicense 3:12-13**Sing:** Ps. 138:1,2; Ps. 40:4,6; Ps. 67:1; Ps. 23:3; Ps. 116... Ps. 133:1,2**ERKEN EN HERKEN GOD SE LIEFDE**

Ons teksverse wys in besonder op twee dinge. Die eis van naasteliefde, staan voorop... *mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal...*Die tweede wat hiermee in verband staan is om *onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader...*

Ons tema is dan- **Erken en herken dit wat God se liefde is, voordat dit liefde vir jou kan word.**

1. Die eis van naasteliefde.
2. Hierdie eis versterk ons om onberispelik in die liefde te word.

**KATKISASIE**– Geen katkisasie vandag.**TWEDE EREDIENS**–

(Nabetragting)

**Skriflesing:** 1 Thessalonicense 4:1-12**Teks:** 1 Thessalonicense 4:7-8;10b-12**Sing:** Ps. 98:1; Ps. 119:49; Ps. 34:5**DIE WIL VAN GOD– JULLE HEILIGMAKING!**

*Die wil van God, julle heiligmaking...* Heiligmaking is ’n belangrike saak, ook weer ná vanoggend se Nagmaal. Dit gaan oor ’n lewenstaak, ja eintlik ’n lewenstryd wat op denkbare elke terrein van die lewe gestry moet word.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/TettoI>

Ds. Petrus is betrokke by ’n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 4 en 5**

Ouderlinge: Pieter van der Dussen en Frik Eloff  
Diakens: Francois Keulder en Wynand Du Venage

**Volgende Sondag– Wyke 6 en 7**

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico van der Dussen  
Diakens:

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Sr Jansie van Tonder**, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is op die oomblik wonderbaarlik beter. Sy sterk aan in 'n kliniek in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe. **Br Dries de Ridder** is in Zuid-Afrikaans hospitaal opgeneem. Ons gebed is dat die behandeling vir hom tot beterskap mag lei. **Br Piet van der Kooi** se toestand is nie goed nie. Hy het baie maerder geword. Hy is steeds in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Br Jan du Plessis** het Donderdag 'n knie-operasie in Eugene Marais moes ondergaan. Ons vertrou dat dit 'n sukses mag wees en hy volkome mag herstel. **Br Marinus Wiechers** wie se broer oorlede is word die troos van die Heilige Gees toegebid. **Br Marinus** word ook weer ondersoek rondom sy hart gedoen. Ons vertrou dat dit vir hom tot seën mag wees. **Ds. Andries Mulder** se knie het verbeter. Hy is by die huis. **Sr Martie Steyn** het geval en baie seergekry. Ons vertrou dat sy goed mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is wel uit die hospitaal ontslaan maar die heup is nog nie herstel nie. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om erediense by te woon nie, word aan die genadedroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davids. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**WEBWERF / BAKKIESBLAD**

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLiTiK>  
Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/on.fb.me/14sXfbM)

**SUSTERS-ETE NA NAGMAAL–**

Spyskaart vir vandag se ete ná Nagmaal Bees– of skaapbredie, rys, mengelslaai, broodjies, Nagereg, Gebakte poeding en vla.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	Paul Kruger kinderhuis	Emeritaats-fonds
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-houding
<b>02/06/2013 1ste diens</b>	DVB	Zambië
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>26/05</b>	Nagmaal en Nabetragting
<b>28/05</b>	Kwarteltjie vergd.
<b>30/05</b>	Deputate vergd Potchefstroom
<b>11/06</b>	Finans-Advies vergd
<b>13/06</b>	Kerkraadsvergd
<b>21/06</b>	Skole sluit
<b>15/07</b>	Skole begin

**BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–**

Met groot dank aan almal wat bestanddele geskenk het, is die susters dankbaar dat dit voldoende is. Die proses om beskuit te bak kon reeds begin...

**SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 3**

**2.Die goedertierenheid van God**

*Mat 3:10 spreek ook van God se goedheid. Die byl in Johannes se woorde is nog rustend. Dit lê nog net daar. Soos in die verlede, is daar nog genadetyd. Al was die blare verdor, kon dit weer uitspruit. Die takke was eers nie afgekap nie, maar selfs daarna gee God nog tyd.*

*Israel kon nie sê God is nie genadig nie. Hy was nog altyd lankmoedig. Ons kan dit ook in eie lewens en volkslewe sien. "Selfs die allergrootste sondaar kry nog 'n kans." Al die beproewinge in die verlede het ook nie saam gekom nie. Asemhaalkans en tyd vir nadink was daar altyd nog.*

*Die byl rus nog, in ons geval. "Dit is baie laat in die tyd maar nog nie te laat nie."*

Oor v 10 nog die volgende: Die ongelowiges sal in hulle wortel uitgeroei word. Die vuur wys op die eindoordeel.

**3:11 – Die Messias-prediking** vloeit voort uit die toorn-prediking. Eén kom ná Johannes, Wie se doop die ware doop sal wees: met die Heilige Gees en met vuur. Dit herinner aan die vlamme van vuur wat met die uitstorting van die Heilige Gees bo almal gestaan het. **Vuur**, of tot reiniging, of tot ewige oordeel.

*Johannes se doop was wel in opdrag van God, en nie iets minderwaardig nie. Die doop van die oud-dissipels van Johannes (Hand 19) was egter voordat hulle nog in Christus geglo het. Daarom het Paulus hulle weer gedoop. Prof Bavinck (Dogmatiek, IV, bl 547) het gestel dat Paulus Johannes se doop erken het. Die dissipels van Johannes wat egter nie na Jesus oorgegaan het nie, het allerhande dwalinge aangeneem, ook oor die doop. Daarom moes hulle vir die eerste maal in die Naam van Jesus gedoop word.*

*Wat is die Doop met die Heilige Gees ? Dit het gewys op Pinksterdag, die uitstorting van die Heilige Gees, Hand 2. Die dissipels bly eers by Jerusalem, want "nie lank na hierdie dae nie" sou hulle met die Gees gedoop word. Dit was 'n eenmalige uitstorting oor die hele Kerk, vir altyd.*

**3:12, dorsvloer** – In 'n preek oor Openb 14, die graan- en wynoes, die volgende: Party verklaarders sien Openb 14 net as die

*oes van die gelowiges, want die dorsvloer word nie genoem nie. Totius bring dit egter in wyer verband, deur te wys op Jer 51:33. Daar word Babel se dogters vergelyk met 'n dorsvloer en word gehoor dat die oestyd kom. In Joël 3:13 word die graan-en wynoes as eenheid genoem. Met verdere argumente wys Totius dan dat die graanoes wys op die volke in die algemeen, en die wynoes "meer bepaald is en vir ons voorstel die strafgerig van die beslis antchristelike deel van die wêreld."*

Anders as die byl, in v 10, wat nog lê en wag, is hier 'n sterker aandrang: "Sy skop is in Sy hand" ! Die oordeel is voor die deur. **3:13-17**, Jesus was volgens Luk 3:23 omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het. Hy kom na Johannes die Doper om deur hom, en niemand anders nie, gedoop te word. **So het Hy Sy werk verbind met die prediking en werk van Johannes:** Die Koning is hier deur Sy herout voorgestel, en as't ware ingelei in Sy dienswerk op aarde. Jesus sê dat dit betaam dat Hy deur Johannes gedoop word, al is Hy sondeloos. Hy is immers hier op aarde om die volle eis van God se Wet te volbring *in ons plek*. Dan volg een van die duidelike plekke in die Nuwe Testament, waarin die Drie-Eenheid van God openbaar word: Vader, Seun en Heilige Gees. Die gedaante van 'n duif: dit is simbool van onskuld en sagmoedigheid. So word die Seun na Sy mensheid deur God Self aangewys as Messias, Christus, "Gesalfde".

===== *Skuinsgedrukte paragrawe: bespreking van en aanhalings uit Totius se werke*

**MATTHEÛS 4**

**4:1-11. Versoeking van Jesus in die woestyn**

Net soos Jesus moes gedoop word om die hele versoeningspad vir ons te loop, moes Hy die pad van versoeking ook gedurig vir ons deur loop – tot selfs aan die kruis, waar die versoeking was: "kom af van die kruis !" (Mark 15:29-32; Luk 23:37, 39). Hy bewys Hom hier weer as **die ware Koning** wat nie onregmatige weë hoef te loop om Sy heerskappy te verwerf nie. Sy taak as Messias is om Satan te verslaan en ons van die sonde te verlos. *word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

*22 Mei 1874-* Dr. DF Malan gebore; *27 Mei 1874-* Eerste deel van Dorslandtrek begin; *28 Mei 1911-* ds. SJ du Toit oorlede; *31 Mei 1844-* Anneksiasie van Natal deur England; *1 Jun. 1886-* Eerste sooi omgespit van Delagoabaai spoorweg; *5 Jun. 1652-* Eerste blanke kind in Suid-Afrika gebore; *10 Jun. 1855-* Verkiësing J Boshoff pres van die Vrystaat; *10 Jun. 1840-* Ds. Dirk Postma geëksamineer en beroepbaar gestel; *24 Jun. 1881-* Mev. Maria du Toit (Postma –egg Totius) gebore